# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS



No. 24

**Bloedig die Donker**

GERRIE RADLOF

**Daar is 'n gefluister in die vertrek, maar so saggies dat hy nie kan hoor wat hulle sê nie. Hy hoor die geskuifel van skoene, maar dit klink nie asof die geluid in sy rigting beweeg nie. Hy wag. Die hele huis is stil.**
**Dan klap die voordeur. Duidelik hoor hy harde voetstappe op die stoep en dan op die gruispad in die tuin. Nog staan hy stil, want hiervandaan kan hy nie vasstel of dit een of meer persone is wat daar hardloop nie. Dalk is dit 'n slim set. Dalk probeer hulle hom om die bos lei. Een wag miskien hier binnekant.**
**Nogtans sluip hy by die deur in. Hy skuif teen die muur af tot in die hoek van die muur waarin die sydeur is. Stil soos 'n skaduwee kruip hy nader. Dit word vir hom duidelik dat hier niemand agtergebly het nie. Hy glip die gang binne en na die voordeur toe. Hy ruk dit oop en staan terug. Toe niks gebeur nie, loer hy uit.**

**Stofomslag: Chris du Plooy**



## INHOUD

Hoofstuk Bladsy


1. Die Opdrag ............ 3
2. Vreemde Besoekers ............ 13
3. In die Gedrang ............ 22
4. Betrap ............ 38
5. 'n Skoot Knal ............ 48
6. Die Bende Kom ............ 57
7. In Hulle Kloue ............ 68
8. In die Verknorsing ............ 78
9. Obed Speel Inbreker ............ 87




## DIE OPDRAG

„Moenie, Grant!" Haar betraande gelaat is na hom toe gekeer. Haar oë staar wild onder die nat wimpers uit. „Moenie, Grant. Ek smeek jou! Ek smeek jou!"

Grant Huysman kyk in haar pleitende oë. Sy gesig is hard en strak. 'n Skielike uitdrukking van pyn vertrek sy gesigspiere en dan skud hy haar hand van sy arm af, draai om en stap vinnig tot by die groot muurlengte-venster wat oor die goedversorgde tuin aan die kant van die gerieflike woning uitkyk. Sy hande is krampagtig agter sy rug saamgeklem.

„Asseblief, Anita," sê hy hees. „Dit baat nie dat ons verder daaroor argumenteer nie. Ek moet eenvoudig gaan."

Sy is 'n entjie agter hom. Sy druk haar vingers senuweeagtig en gespanne in die hare wat los langs haar slape verby hang.

„Wat van Marietjie, Grant!" roep sy snikkend uit. „Jou dogter—jou onskuldige dogtertjie!"

„Ek sal terugkom, Anita," sê hy sonder om om te kyk.

„Dit is so gevaarlik! Al kom jy terug, Grant, hoe kan ons leef met die klad van dié misdaad op ons gewetes."

Soos 'n verwoede dier swaai hy om. Asof 'n mespunt in sy reeds gemartelde siel, gedruk word, tree hy vorentoe. Sy gesig is verwronge.

„Misdaad!" hyg hy onderwyl hy haar bo-arms in sy sterk hande vasgryp. „Noem jy dit 'n misdaad, Anita? Moet ek in hierdie land van vrede en vryheid in weelde agteroor sit onderwyl my ouers, my broers, my bemindes koelbloedig om die lewe gebring word!"

„Hulle sal dit nie doen nie, Grant," smeek sy. „Hulle dreig jou maar net."

„Dreig!" spoeg hy die woord uit. „Hulle sal dit doen. Hoeveel kere het hulle dit nie reeds gedoen nie, en dink jy hulle sal ons in vrede laat? Nee, Anita, wanneer hulle besef dat hulle nie alleen daardie dreigemente volbring nie, maar hulle sal ook op ons toesak. Dink jy hulle sal my laat leef nadat ek hul bevele veronagsaam het. Dink jy dat Marietjie veilig sal wees? Jy vra of ek aan haar dink. Natuurlik dink ek aan haar. Meer as enige ander beweegrede is dit om haar ontwil dat ek moet gaan."

Hy sien dat sy effens bedaar het. Hy laat haar arms los en met 'n

moedelose gebaar draai hy om om weer by die venster uit te staar. Agter hom sak Anita Huysman weerloos van smart op die tapyt neer. Sy huil nie meer nie. Die diepte van haar marteling het haar by trane verby gevoer.

Hy draai om en kyk 'n oomblik lank na haar stil gestalte. Sy uitdrukking versag. Met 'n gevoel van diepe medelye kom hy tot langs haar. Hy sak op sy knieë neer en sit sy arm om haar skouers. Hy kan aan haar voel dat sy van sy aanraking bewus is. Hy laat rus sy wang teen haar hare. So sit hy 'n rukkie sonder dat een van hulle 'n woord sê.

Grant Huysman dink terug oor die paar jaar van geluk en tevredenheid wat hy en sy vrou se lot was in hierdie sonnige Suid-Afrika. Sy Engelse moeder en Duitse vader het agter gebly toe die geluk hom getref het om hierheen te immigreer. Hy het 'n nuwe lewe begin. Hy het met die welgestelde Anita getrou en hul dogtertjie, wat nou 'n jaar oud is, het soos 'n sonstraal in hul lewe gekom.

Hulle was baie gelukkig. Af en toe het Grant briewe van sy ouers, broers of susters, ontvang. Blykbaar het dinge met hulle nie te sleg gevaar nie.

Toe ontmoet Grant die jong man, Dag Rousard, 'n paar weke gelede. Vandag weet hy hoe fyn daardie ontmoeting beplan was. Tog het dit by hom in daardie stadium geen agterdog gewek nie. Hulle het mekaar 'n paar keer daarna gesien en dikwels het Rousard hom oor sy mense uitgevra. Grant het geweet dat hy aan 'n konsulaat verbonde is, maar hy het nie geweet wat Rousard se eintlike posisie daar is nie. Rousard het selde daaroor gepraat en dit het Grant selfs by die begin voorgekom asof Rousard nie eintlik 'n vaste betrekking binne die konsulaat beklee nie. In alle geval het die gesprek gewoonlik oor Grant Huysman se mense gegaan of anders oor sy werk by die koerant—Huysman word beskou as een van die knapste verslaggewers op die Rand.

'n Week gelede het Rousard Grant die oggend gebel. Hy het gevra dat hy hom daardie middag vir 'n drankie ontmoet. Daar het hulle 'n paar oomblikke gesels en toe het Rousard 'n saak aangeroer wat Grant laat skrik het. Hy en meeste van die ander vooraanstaande koerantmanne het reeds geweet van die belangrike onderhandelinge tussen België—as afgevaardigde staat van die Verenigde Volke-Organisasie—en die Republiek, wat op daardie tydstip byna afgehandel was. Hulle het net gewéét van die onderhandelinge—wat die onderhandelinge behels het, dit was nog 'n duistere saak. Maar meeste van hulle het vermoed dat dit iets met uraan te doen het.





Gedurende die afgelope paar weke het gerugte die koerante van Verenigde Volke-Organisasie bereik. Van die begin af is daar egter deur hoër Regeringskringe 'n verbod op die publikasie van enige nuus in verband met atoomkrag geplaas. Volgens Grant en sy maats se afleidings wil dit dus voorkom asof die Verenigde Volke-Organisasie uiteindelik tot 'n ooreenkoms geraak het waarvolgens alle verdere atoomnavorsing en alle ontwikkeling van atoomkrag gedoen sal word deur 'n sentrale liggaam onder beheer van die Verenigde Volkere Organisasie. Die land wat dan blykbaar gekies sou word vir die setel van hierdie ondersoek, is België, aangesien dit blykbaar heeltemal sentraal geleë is.

Dit alles was egter nog bloot vermoede. Daardie agtermiddag was Grant dus verbaas om te verneem dat Dag Rousard sommer heelwat van die saak af weet. Rousard het hom 'n storie vertel wat nie heeltemal met die bespiegelinge van die koerantmanne geklop het nie. Hy het beweer dat België deur 'n uiters slim streek daarin geslaag het om onderhandelings met hierdie regering aan te knoop en dat 'n ooreenkoms daaruit gegroei het waarvolgens die Republiek àl sy uraan aan België verkoop. Rousard se base is hiermee glad nie gediend nie en hulle is begerig om volle besonderhede van hierdie ooreenkoms tussen die Republiek en België te kry. Rousard het Grant Huysman bedaard 'n ontsaglike bedrag geld aangebied indien hy die dokumente in verband met die ooreenkoms uit die Belgiese ambassade sou steel. Grant was een van die uitgesoekte verslaggewers wat op die aand van die finale ondertekening tot die Belgiese ambassade toegelaat sou word. Daar is 'n paar weke gelede reeds op hul geskiedenis ingegaan. Aan die paar uitverkorenes sou 'n ietsie van hierdie onderhandelinge meegedeel word om aan die wêreld te verkondig.

Grant het verontwaardig opgespring en Rousard aangestaar.

„Is jy gek, Rousard!" het hy uitgeroep. „Ek weier om na sulke onsin te luister."

„Dan verdubbel ek jou beloning," het Rousard sag geantwoord.

„Dit is belaglik, man!" het Grant teruggewerp. „Ek sal jou aanraai om van die onderwerp af te stap. Dit kan beslis nie tot jou base se voordeel strek as hierdie gesprek elders herhaal moet word nie."

„Maar ek verwag nie dat jy dit elders sal herhaal nie, Grant," het Rousard koel gesê. „Jy is een van die uitverkorenes wat daardie aand by die ambassade toegelaat sal word. Jy moet dit vir ons doen."

„Genoeg daarvan, Rousard!" het Grant uitgeroep, maar hy het skielik

stilgebly toe hy die koudheid in die donker oë bokant Rousard se hoë wangbene sien.

,,Dit sal ook tot voordeel van jou mense in Europa wees, Grant,'' het Rousard stil gesê.

,,Wat bedoel jy?''

,,Deur hierdie klein gunsie aan ons te bewys kan jy verhoed dat hulle leed aangedoen word.''

,,Jy is van jou sinne berowe, man!'' Grant Huysman het die gesprek beëindig. Woedend is hy huis toe.

Tuis het daar op die tafeltjie in die voorportaal die pos gelê wat gedurende die middag aangekom het. Dadelik het hy die handskrif van sy een broer herken. Haastig en met bewende hande het hy die brief oopgeskeur. Nadat hy 'n paar sinne gelees het, het sy bene onder hom lam geword en strompelend het hy sy hand uitgestrek om aan 'n tafel vas te gryp sodat hy nie omval nie.

Hoe die duiwels dit alles so volmaak beplan het, weet hy tot nou toe nog nie. In daardie brief egter, 'n paar minute nadat Dag Rousard hom vertel het dat sy mense in Europa leed aangedoen kan word, het hy gelees dat sy Moeder en Vader, sowel as sy broers en susters—behalwe die een wat die brief geskryf het—in hegtenis geneem is. Dit is blykbaar sonder rede gedoen. Daar is in elk geval geen verklaring verstrek nie.

Grant het geweet hoekom dit gedoen is. Van daardie lande af waaruit nuus so moeilik na buite kom, het hierdie brief vinnig en ongedeerd gesnel. Inderdaad het hy geweet hoekom sy bemindes aangehou is!

Hy het dadelik met Rousard in aanraking getree. Hy het gedreig, gepleit en gesoebat. Hy het dit selfs gewaag om te sê dat hy polisie toe sal gaan. Rousard het hom uitgelag.

,,Ek sal eenvoudig ontken wat ek gesê het, maar dit sal die doodvonnis vir sekere mense in Europa beteken,'' het hy smalend teruggewerp.

Grant het geweier op grond daarvan dat hy nie daarvoor verantwoordelik wil wees dat die inligting—en heelwaarskynlik die uraanvoorrade—in die verkeerde hande val nie. Hy het Rousard selfs gesê dat hy liewer die onskuldige oorsaak van sy ouers, broers en susters se dood sal wil wees as die direkte oorsaak van die moontlike verwoesting van duisende onskuldiges.

Rousard het teruggewerp dat dit 'n baie kortsigtige beleid is. Hy het Grant verseker dat daar later heelwaarskynlik baie ander maniere sal wees





waarop hulle die inligting kan verkry. Dit sal dus beteken dat Grant eenvoudig net sy eie mense laat omkom het en dat hy tog niks daarmee bereik het nie.

Grant Huysman het gedurende die afgelope paar dae met die geweldige stryd in hom geworstel. Anita het agtergekom dat iets verkeerd is. Mettertyd was hy verplig om alles aan haar te vertel. Eers het dit gelyk asof sy die saak taamlik kalm opneem. Maar vanaand het dit vir hom duidelik geword dat die spanning vir haar te veel is. Oor 'n uur of wat moet hy vertrek.

Hy wag nou net vir Rousard. Die kêrel het hom laat verstaan dat hy hom hier by sy huis sal kom besoek net voordat hy gaan. Hy sal hom dan die finale instruksies gee in verband met die uitvoering van sy taak en die aflewering van die dokumente.

Hy voel hoe 'n laaste verlate snik deur Anita se skouers ruk. Sy het taamlik bedaar. Hy staan op en stap terug tot voor die venster.

,,Dit is net dat ek so bekommerd is oor jou, Grant,'' sê sy sag en nou amper berustend. ,,Ek kan nie begryp hoe jy moontlik lewendig daaruit kan kom nie.''

,,Daar sal metodes wees, Anita. As daar nie was nie sou dit tog belaglik wees om selfs te probeer. Ek sal netnou hoor wat Rousard te sê het. Hy behoort nou enige oomblik hier te wees.''

Hy hoor haar sagte voetval agter hom. Haar arm druk teen syne en hy leun met haar kop op sy skouer.

,,Is daar niks wat ons kan doen nie?''

,,Niks, Anita,'' antwoord hy. ,,Ek moet dit doen. Al weier ek, sal hulle ander maniere vind om in hul doel te slaag. Ek sal daardeur net die dood van my ouers op my gewete haal. Ek. . .''

Hy voel die ruk deur haar liggaam gaan as die klokkie in die gang skerp lui. Hy draai om en kyk in haar oë. Hy druk haar arm en stap by haar verby.

'n Paar oomblikke later kom Dag Rousard die sitvertrek binne. Hy neem op 'n stoel plaas en staar uitdagend in die vyandige oë van Anita Huysman. Sy het hom nie eens gegroet nie. Sy kyk na Grant.

,,Dit is amper tyd dat jy gaan,'' sê Rousard.

,,Ek weet dit,'' werp Grant koud terug. ,,Wat het jy te vertel. Hoe verwag jy moet ek lewendig daaruit kom?''

Rousard glimlag droog as hy die twee se houding sien. Hy haal sy skouers op.

,,Dan weet jou vrou alles?''

,,Sy weet alles. Wat daarvan?''

Weer haal Rousard sy skouers op onderwyl sy oë eenkeer na haar kant toe terug flits. Daar is 'n uitdrukking van agterdog by hom te bespeur.

,,Sy kan haar net so min verset soos wat ek dit kan doen,'' sê Grant haastig, want dit is meteens asof hy besef dat sy vrou deur die kennis wat sy dra, in gevaar verkeer.

,,Miskien wel. Ek sal egter verkies om my bevele aan jou alleen te gee.''

Grant draai na Anita. Hy maak 'n gebaar met sy hand.

,,Dit sal beter wees as jy uitgaan, liefling,'' begin hy sag, maar sy val hom in die rede en draai bitsig na Rousard toe.

,,Ek sal bly en hoor wat jy vir my man te sê het. Ek wil weet wat sy kanse is om lewendig terug te kom. Jy hoef nie te dink dat ek gewillig sal wees om hom te laat gaan as ek weet dat dit niks meer as selfmoord is nie.''

Rousard kyk bedaard na haar.

,,As dit 'n kwessie van selfmoord is, sal dit tog nutteloos wees om hom te stuur, nie waar nie?'' Hy draai na Grant. ,,Sê vir haar sy moet uitgaan.''

Grant stap tot langs Anita. Hy neem haar aan die arm en onderwyl hy saggies druk in die rigting van die middeldeur uitoefen, sê hy gevoelvol: ,,Dit is soos hy sê, Anita. Dit is beter dat jy nie weet wat die finale reëlings is nie. Dit kan jou lewe ook net in gevaar stel.''

,,Wat maak dit saak?'' roep sy uit en dan skielik verberg sy haar gesig teen sy bors onderwyl sy haar arms om sy nek slaan. Gedemp en snikkend roep sy uit. ,,Ek kan jou nie so laat gaan nie, Grant! Nie as ek nie eens weet hoe of wat met jou sal gebeur nie!''

,,Dit is beter so,'' herhaal hy lomp onderwyl hy haar op die skouer streel.

Sy staan van hom af terug.

,,Miskien is dit nou nog die beste om polisie toe te gaan!'' roep sy uit onderwyl sy weer uitdagend na Rousard kyk. Die kêrel se donker oë trek op nou skrefies. Hy sê egter niks.

,,Moenie histeries word nie,'' sê Grant ernstig. ,,Kom, Anita. Dit word laat. Ek sal jou groet voordat ek gaan.''

Onderwyl hy praat, druk hy haar na die deur se kant toe en maak dit dan vir haar oop, terwyl sy steeds snikkend uitgaan.

,,Wel, jy sal moet gou praat. Ek moet binne 'n halfuur daar wees,'' sê hy kortaf wanneer hy omdraai en voor Rousard gaan staan.





,,Soos jy reeds weet,'' begin Rousard sonder meer, ,,is dit vir ons moontlik om inligting uit die Belgiese ambassade te kry. Die bron daarvan sal ongelukkig nie tot die teenwoordigheid van die dokumente toegelaat word nie. Hy het ons nogtans in kennis gestel wat die prosedure daar sal wees.

,,Julle verslaggewers en die ander—die hooggeplaastes—daag ongeveer agtuur, half-nege, daar op. Daar is 'n paar drankies en almal gesels en daar is 'n toesprakie of wat en dan word 'n paar van julle in die ambassadeur se kantoor toegelaat waar hy en die Eerste Minister die verdrag onderteken. Dit sal die enigste oomblik wees wat jy of enige ander een van julle binne bereik van daardie verdrag kom.''

,,Dan moet ek dit gryp en daarmee uithardloop, of wat?'' verneem Grant droog.

,,Nee,'' antwoord Rousard bedaard. ,,Onder geen omstandighede mag hulle agterkom dat daardie dokument gesteel word nie! Hulle mag nie weet dat iemand anders die inhoud ken nie, want dan kan hul dalk hul planne verander en dit wil ons tog nie hê nie, nie waar nie? Nee, Grant, dit is veel eenvoudiger. Dit sal ongeveer halftien wees wanneer die plegtigheid plaasvind. Skielik sal die ligte uitgaan. Iemand sal die hoofskakelaar afslaan. Dan moet jy optree.

,,Wanneer jy by die kantoor ingaan moet jy sorg dat jy aan die regterkant van die lessenaar te staan kom. Daar sal jy jou digby 'n sydeur bevind. Dit gaan deur na 'n private ruskamer vir die ambassadeur. Die drumpel is laag en 'n mens sal onder die deur minstens twintig velle papier op mekaar kan deurskuif. Sodra die ligte uitgaan, moet jy vorentoe spring. Jy moet alle papiere en ander goed op die Ambassadeur se lessenaar met een swaai van jou arm op die grond afsmyt, nadat jy die Ooreenkoms wat hulle besig was om te onderteken opgetel het. Tree dadelik terug en skuif dit onder deur die deur.

,,Wag dan daar. Binne enkele oomblikke sal dit weer teruggeskuif word. Tel dit op en gooi dit eenvoudig naby die lessenaar neer. Dan is jou taak afgehandel.''

Hy hou op met praat. Met 'n breë glimlag kyk hy na die verslaggewer voor hom. Grant Huysman verstaan 'n heel paar punte nie.

,,Wat is anderkant die deur?''

,,Daar is 'n man met 'n kamera,'' antwoord Rousard geredelik. ,,Dit is die allernuutste uitvindsel van sy soort. Die man gryp die dokument wat jy

onder die deur deurskuif en hy tree terug in die klein badkamer. So vinnig soos hy die blaaie kan omblaai sal die kamera dit afneem. Sê nou maar daar is twintig velle, dan sal dit ongeveer 'n halfminuut duur vandat jy die verdrag gegryp het totdat jy dit weer in jou besit het."

'n Paar oomblikke lank sê Grant niks. Dan haal hy sy skouers op in 'n berustende gebaar. Rousard staan op.

,,Ek neem aan dat jy alles verstaan en dat jy gereed is om te gaan?"

,,Ja," antwoord Grant koud.

,,Soos jy self kan agterkom, sal niemand iets wys word nie en sal jy saam met die ander veilig kan teruggaan huis toe. Soos ooreengekom, sal jy goed beloon word."

,,Ek sê jou weer dat ek julle geld nie wil hê nie."

,,Soos jy verkies, Grant."

,,Ek verwag net om daardie brief van my broer te ontvang waarin hy bevestig dat my ouers vrygelaat is."

,,Dit sal jy kry. Tot siens."

Sonder meer draai Rousard om en gaan onbegeleid by die voordeur uit. Grant stap na die middeldeur en as hy sy hand uitsteek om die deurknop te draai, gaan dit oop.

Anita staan voor hom. Met groot oë staar sy hom aan. Die hare wat so los langs haar slape verby hang, lyk deurmekaar.

,,Dan het jy gehoor, Anita?"

,,Ek het geluister, Grant."

,,Dit is nie so gevaarlik nie, Anita. Ek sal vroeg terug wees."

Sy is teen hom aan. Haar arms omklem sy skouers.

,,Ek is bang, Grant!" roep sy uit. ,,Miskien moet ons maar liewer vlug—nou—nou is die geleentheid, Grant. Wat baat dit alles tog. Hoe weet jy dat hulle woord sal hou en jou ouers sal laat gaan? Miskien is hierdie maar net die begin van 'n lang reeks gedwonge take wat jou opgelê word. Wanneer sal daar ooit 'n einde aan kom?"

,,Moenie so praat nie, Anita," probeer Grant haar paai. ,,Ons moet nie nou al aanneem dat ons met opperste skurke te doen het nie. In hierdie geval maak hulle van my gebruik nie alleen omdat hulle hierdie houvas oor my gekry het nie, maar omdat dit die soort daad is waaraan my spesifieke omstandighede hulle leen—ek is 'n verslaggewer wat tot die ambassadeur se kantoor toegelaat sal word. Dit sal in elk geval nie gou wees voordat hulle weer so iets van my sal verwag nie."





,,Jy probeer my gerusstel, Grant," sê sy en hy kan die bewing in haar stem hoor. ,,Ek weet dat dit ernstiger is as wat selfs ek kan droom. Ek weet nie of ek die spanning sal kan verduur nie. Grant.."

,,Asseblief, Anita." Sy stem is gedemp, maar dringend. ,,Ek moet nou gaan. Tot siens, liefling. Kyk na Marietjie. Ek is netnou terug."

Sonder meer draai hy om en gaan by die voordeur uit. Dit is 'n heerlike stil aand hier op die heuwel tussen die groot gerieflike huise. Toe hy die deur oopmaak, hoor sy egter 'n paar motors voor in die straat verby ry. Mense is op pad na vermaaklikheidsplekke toe—ander na onthale—gevaarlike onthale.

As die deur toeklap, is dit asof die wêreld van haar afgeskei word. Dit is meteens asof sy heeltemal alleen is—asof Grant vir ewig uit haar lewe gegaan het. Rou snikke ruk weer deur haar liggaam. Sy beweeg van die deur af weg waar sy nog steeds teen die kosyn aangeleun het. Sy strompel oor die tapyt op die sitkamervloer en sak in 'n leunstoel neer. Sy verberg haar gesig in haar hande. Meteens is dit asof sy die spanning nie kan uitstaan nie. Duisende verwarrende gedagtes dwarrel deur haar gemoed. Met die intuïsie van 'n vrou ondervind sy 'n voorbode van onheil. Sy spring op en storm in die gang af na die voordeur toe.

Sy ruk dit oop en struikel van die stoeptreetjies af. Sy val in die tuinpaadjie neer en haar hande skuur oor die grond. Sy voel nie pyn nie. Sy spring op en hardloop met die paadjie af na die tuinhekkie toe.

,,Grant!" roep sy uit, maar hy hoor haar nie waar hy reeds in die straat afry nie.

,,Grant!"

Sy pluk die tuinhekkie oop. Sy hardloop met die sypaadjie langs. Die motor draai regs met 'n systraat af.

Sy snel om die hoek, maar dan sien sy hoe hy reeds weer aan die onderent van die straat wegtrek, links draai en meng in die stroom verkeer wat deurjaag na die middestad toe.

Sy hardloop in die pad af. Blindelings storm sy onder om die hoek. Hier kan sy Grant se motor tussen die menigte voertuie in die hoofstraat nie meer onderskei nie. Paniekerig hardloop sy van die sypaadjie af. Sy hoor nie die getoet agter haar en die geskreeu van remme nie.

Iemand gil hard en lank op die sypaadjie. Die motor kom tien tree verder eers tot stilstand. Anita se slap liggaam lê langs die sypaadjie. Die motorbestuurder kom terug. In daardie paar oomblikke het daar reeds 'n